

SONDAG: 34

VRAAG EN ANTWOORD: 95

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat is afgodery?			
<p>Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel</p>	1 Kronieke 16:26	Want al die gode van die volke is afgode, maar die HERE het die hemele gemaak.	Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het.
	Jesaja 44:15-17	Dan dien dit die mens as brandhout, en hy neem daarvan en maak hom warm; ook steek hy dit aan die brand en bak brood; ook maak hy daar 'n god van en buig hom daarvoor neer; hy maak daar 'n gesnede beeld van en kniel daarvoor neer. Die helfte daarvan het hy in die vuur verbrand: by die een helfte eet hy vleis, hy maak braaivleis klaar en word versadig; ook maak hy hom warm en sê: Ha, ek het warm geword, ek het vuur gesien! En van wat oor is, maak hy 'n god, sy gesnede beeld; hy kniel daarvoor neer en buig hom en aanbid dit en sê: Red my, want u is my god!	Dit dien as vuurmaakhout vir die mens; iemand vat daarvan en maak hom warm, of hy maak 'n vuur om brood te bak, of hy maak 'n god en aanbid dit, hy maak 'n beeld en buig daarvoor. 'n Deel van die hout verbrand hy: hy maak kos daarmee gaar, hy braai vleis en eet tot hy genoeg het; hy maak hom ook warm en sê: "Dis lekker! Ek is warm, ek geniet die vuur!" Van die hout wat oorbly, maak hy 'n god, 'n beeld, hy buig voor hom en aanbid hom, hy bid tot hom en sê: "Red my, want jy is my god!"
	Johannes 5:22	Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,	Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat.
	1 Galasiërs 4:8	Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie;	Daar was 'n tyd toe julle nie vir God geken het nie en slawe was van nikswerd afgode.
	Efesiërs 2:12	dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.	In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.
	Efesiërs 5:5	Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.	Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is—want gierigheid is afgodery—het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.
	Filippense 3:19	Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge.	Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind.
	1 Johannes 2:23	Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.	Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.
	2 Johannes:9	Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.	Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie, maar daaraan verander, erken God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun.